DESEMBER 2022

# DIE GESKENK VAN STORIES

Ek lees ’n tyd gelede van ’n opvoering oor stories, wat by ’n kinderdiens gedoen is. Die titel was Die hemel se poskantoor. Dit het vertel dat by God se Poskantoor die ontvangsafdeling vir versoeke asook die verpakkings- en afleweringsafdeling waar die seëninge van God uitgestuur word, baie besig was. By die terugvoerafdeling was dit egter baie stil; daar was weinig terugvoer of dankie-sê-pos.

Ons weet dit is nie net ’n kwessie van vra en ontvang is nie. Tog het die eenvoudige verhaaltjie my laat dink: Hoe aktief is ons met ons terugvoer, getuienis en dankie teenoor mekaar en teenoor God? Wanneer ons ontevrede is kla ons, maar waarom is ons soms so traag om dankie te sê, te vertel en te getuig?

Die krag, energie en waarde van terugvoer, getuienisse en dankies is eintlik ’n ongelooflike groot geskenk! Mense se positiewe terugvoer of getuienis, ook in my kantoor as maatskaplike werker, is van onskatbare waarde, want

- Dit skep energie
- Dit is geneig om aansteeklik te wees – as iemand begin vertel kom daar net meer en meer stories na vore
- Dit versterk jou geloof
- Dit bevestig wat jy lees
- Jy besef jy is nie alleen nie; daar is mense met begrip
- Die deel van ’n storie of getuienis bring hoop.

Dankie-sê behels erkentlikheid en nederigheid en dan wonder ek… waarom kom ons soms so ondankbaar voor? Is dit dalk omdat ons nie herinner wil wees aan ons oomblikke van swaarkry, afhanklikheid en probleme nie? Is dit soms ons vrese wat ons verhoed om ons stories te deel, of ons trots, wat ook maar net ’n masker is? Of laat dit ons dalk buite beheer en minderwaardig voel? Die teenoorgestelde is waar – deur te deel gee ons beheer en dit maak ons sterker. Hoe meer ons deel, hoe meer groei ons hoop en word ons geloof versterk. Daardeur raak die pakkies wat ons dra ligter.

Mag hierdie Kersfeestyd met die viering van Jesus Christus se geboorte, ons ook laat dink aan Sy verskriklike lyding aan die kruis en ons weer laat besef hoe groot God se genade is. Laat dit ons met dankbaarheid vul sodat ons elke dag ook dieselfde genade teenoor ander sal uitleef. Mag ons die vrymoedigheid en die ruimte skep om seerkry en hoop te deel. Laat ons ’n omgewing skep waarin mense warmte, energie en veiligheid sal beleef. So kan ons God verheerlik en hoop bring.

Ek wens almal ’n geseënde Kerstyd toe, met baie inspirerende stories om te deel.

**Alda Boer**
**Direkteur Versorging**